Afrikaans Tweede Taal HG VR1 **November 2007**

Begrip:

Oor die algemeen goed beantwoord, maar: instruksies word nie gevolg nie, spesifiek: reëls word nie oopgelaat tussen antwoorde nie.
Vrae word nie in die korrekte volgorde beantwoord nie.
Kandidate versuim om nommers neer te skryf aangehaalde woorde word verkeerd oorgeskryf
Ken nie aanhalingstekens nie
Kandidate weet nie wat "opeenvolgend" beteken nie.
Kandidate het gebrekkige woordeskat en ken nie die verskil tussen bv. "verkeersbeampte" en "munisipale bestuurder" nie
Baie spelfoute word gemaak, selfs wanneer kandidate woorde direk van die vraestel af skryf.
Interpretasie-vraag is swak beantwoord.
Kandidate laat motiverings uit by die WMR/ONWMR-vrae.
Kandidate sukkel om hulself uit te druk en haal gevolglik bykans 'n hele paragraaf aan of skryf die dele van die leesstuk oor wat die vraag impliseer.

Opsomming:

Kandidate weet nie wat 'n volsin is nie.
Werkwoorde en voornaamwoorde word uitgelaat 'n groat % het swak of uiters gebrekkige leesbegrip gedemonstreer baie sê "moet nie" i.p.v. "moenie" aantal woorde word nie aangedui nie.
Nalatige taalfoute word gemaak selfs al wemel dit van die taalfoute, behaal kandidate dikwels hoëe punte.
Herhaling van dieselfde feit kom voor.
Direkte aanhalings moet vermy word.
Leerders moet leer om voegwoorde te vervang/gebruik en hier en daar onnodige woorde uit te laat.
Reëls word nie tussen feite of punte oopgelaat nie / kandidate skryf in paragraafvorm.
Kandidate skryf meer as een sin oor dieselfde feit.
Beplanning word nie doodgetrek nie.
Daar word nie aangedui as 'n vraag eers aan die einde van die vraestel beantwoord word nie.
Taalfoute soos die volgende kom voor:

- woordorde
- woordkeuse, bv. het/hê, se/sêe
- leestekens
- hoofletters aan die begin van sinne
- verkeerde gebruik van voornaamwoorde
- verkeerde gebruik van voorsetsels
- infinitiewe en die woordorde daarvan
- Engelse woorde word net so gebruik of net effens verafrikaans

Taal:

Kandidate toon gebrekkige kennis van:

- vorme van ontkenning. Let veral op "moenie" i.p.v. "moet nie"
- voegwoorde en sinsorde wanneer voegwoorde gebruik word
- leestekens
- intensiewe vorme -woorde word ook nog dikwels apart geskryf
- lydende vorm
- redigering
- indirekte rede
- infinitiewe
- voorsetsels en voorsetselgroepe
- tye

- los- en vasskryf van woorde en die betekenisverskil
- woordorde van tyd, wyse en plek
- punte by afkortings "
- samestellings, bv. meisie+skool
- sinonieme en antonieme
- deelteken en ander skryftekens word verkeerd gebruik

Vraag 7 is soms verkeerd geïnterpreteer.

Kandidate gebruik nie direkte woorde nie, maar beskryf wat op die prent gebeur.
- Direkte vertalings is ook dikwels aangetref.
- Kru taal word soms gebruik, wat heeltemal onaanvaarbaar is!
- Korrekte spelling word nie gebruik nie.
- Baie kandidate het vraag 7 heeltemal uitgelaat.

Algemene opmerkings:

- laat asb. reels oop tussen antwoorde
- begin elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy
- nommer vrae korrek
- handskrif is soms moeilik om te lees
- werk is soms morsig, bv. met doodtrek
- kandidate moenie die vraag en die antwoord neerskryf nie, net die antwoord.
- gee een antwoord (nie OF of / nie). Slegs die eerste antwoord word gemerk
- leestekengebruik is baie swak
- verwarrende woorde soos "enigste"I"enige"I"eerste"/"eerstens"
- Daar moet aangedui word as 'n vraag in 'n ander orde beantwoord is. Punte kan verbeur word as die nasiener nie spesifiek rondblaai en soek nie.